

JESAJA 45:9-13: 'N DISPUTASIE VAN JAHWE TEEN ISRAEL OF VAN JAHWE TEEN DIE HEIDENNASCIES?

S L Stassen¹

Opsomming

Vir die verstaan van Jesaja 45:9-13 is dit belangrik om 'n keuse tussen een van twee moontlikhede te maak. Aan die een kant kan dit as 'n dispuut tussen Jahwe en Israel gesien word, wat die meer ortodokse standpunt verteenwoordig. Aan die ander kant is geleerdees soos Leene en Beuken van mening dat dit eerder 'n dispuut tussen Jahwe en die heidense nasies is. Laasgenoemde dispuut sou spruit uit 'n ontevredenheid by die heidennasies oor die manier waarop Jahwe vir Israel as uitverkore volk voortrek. Indien Jesaja 44:24 - 45:13 egter as konteks geneem word, lyk dit of die ortodokse standpunt meer korrek is, naamlik dat Jahwe in 45:9-13 met Israel in 'n dispuut is omdat hulle nie kan aanvaar dat Hy vir Kores, 'n heidense koning, gebruik om die heilige volk van ballingskap te red nie.

Summary

ISAIAH 45:9-13: A disputation of YAHWEH against Israel or of YAHWEH against the heathen nations?

The most important issue to solve in Isaiah 45:9-13 is the question whether it is a disputation between Yahweh and Israel, the more orthodox viewpoint, or whether it should be interpreted as a disputation between Yahweh and the heathen nations, a viewpoint advocated by Leene and Beuken. The latter option assumes that the heathen nations are disputing Yahweh's love and preference for Israel as his elected people. If Isaiah 44:24 - 45:13 is taken as the context, however, it becomes clear that the more orthodox viewpoint is probably the more correct one. Therefore it can be assumed that Isaiah 45:9-13 and its context is the result of Israel disputing Yahweh's election of Cyrus, a heathen king, to deliver them from exile.

1 Dr.S.L.Stassen, Ned Geref Kerk Universitas-Wes, Scholtzstr 63, Universitas, Bloemfontein 9322, en deeltydse dosent Dept Ou Testament, Fakulteit Teologie, Posbus 339, Bloemfontein, 9300.

1. INLEIDING

Gedurende die laaste paar dekades is daar verskeie studies onderneem om die rol van die nasies in Jesaja 40-55, of selfs Jesaja 40-66, te bepaal.² Heelwat aandag is al gegee aan die vraag of die heidennasies saam met Israel aan Jahwe se heilsplanne deelneem (die sg universalistiese siening), en of hulle daarvan uitgesluit word (die sg nasionalistiese siening). Verskeie gedeeltes in Deuterojesaja weerspreek mekaar oënskynlik as hulle volgens hierdie kategorieë beoordeel word. Van die bekende gedeeltes wat gereeld in die besprekings oor hierdie onderwerp behandel word, is Jesaja 42:5-9 (veral v 6); 45:22-23 en 49:1-6 (veral v 6) as die sogenaamde "universalistiese gedeeltes", en Jesaja 47:1-15 en 49:22-23 as die sogenaamde "nasionalistiese gedeeltes".

Hoewel 'n bespreking oor Jesaja 45:9-13 ook 'n belangrike bydrae in hierdie debat kan maak, het dit tot dusver betreklik min ter sprake gekom. In 1974 het Leene met 'n uitvoerige artikel die ortodokse standpunt, dat Jesaja 45:9-13 'n dispuum tussen Jahwe en Israel sou wees, omdat laasgenoemde nie die heidense Kores as Jahwe se agent wil aanvaar nie, uitgedaag. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie gedeelte eerder 'n dispuum tussen Jahwe en die heidennasies sou wees, omdat hulle daarteen beswaar sou maak dat Jahwe die Israeliete as sy volk uitgekies het. 'n Paar jaar later het Gitay met sy retoriiese analise van Jesaja 40-48, *Prophecy and Persuasion. A Study of Isaiah 40-48* (1981), veroorsaak dat Deuterojesaja deur 'n nuwe bril bekyk word. Met hierdie studie toon Gitay onder ander aan dat Jesaja 45:9-13 op 'n besonderse manier met die voorafgaande gedeelte, Jesaja 44:24 - 45:8, saamhang en daarom nie alleen gelees kan word nie. Hierdie resultate het 'n merkbare verskil in die beoordeling van Leene se standpunt gemaak.

Ter wille van 'n sinvolle bespreking word 'n vertaling met teksaan-tekening in die vorm van voetnote hieronder verskaf.

² Vgl onder andere Hamlin (1961), Davidson (1963:166-185), Gelston (1965), Orlinsky (1967:1-133), Snaith (1967:135-264), Hollenberg (1969:23-36), Dion (1970), Moye (1972), Naidoff (1980), Van Winkle (1985:446-458), Wilson (1986) en Stassen (1992).

2. VERTALING MET TEKSAANTEKENINGE

- 9 Wee hom³ wat met sy Formeerder twis,
'n erdepot met die pottebakker!⁴
- 3 Daar is al voorgestel dat in plaas van *bwuy* plus die partisipium *rb* ("wee hom wat twis") eerder *h^ayārtb* (die vraagpartikel *h^a* plus die imperfektum) gelees moet word (Volz 1932:66; Driver 1935:399; Whitley 1961:458; BHS). Wilson (1986:210-211) verdedig opnuut hierdie voorstel deur te probeer aantoon hoe die teks oorspronklik korrum sou raak. Volgens hom sou die *waw* en *yod* in die woord *hyw'mr* (v 10a) per ongeluk omgeruil gewees het om *bwuy'mr* te veroorsaak, sodat na analogie daarvan dieselfde met v 9a gebeur het. Hy verwys ook na v 8b wat in Qa met *h'mr l'rs* begin as "an anticipatory dittography from v 10 (*h'mr l'b*). This is additional evidence that an interrogative *ha* and not *hoy* stands behind the text of that verse" (Wilson 1986:200). So 'n wysiging is egter onnodig, omdat die Massoretiese lesing sin maak. 'n Mens sou net sowel die voorstel kon omkeer deur v 9b ook met 'n *bwuy* pleks van die retoriiese vraag te laat begin (vgl Muilenburg 1956:526; Fohrer 1964:87). Qa begin ook al drie bikola (v 9a-10a) met 'n *bwuy*.
Altwee hierdie voorstelle verander egter 'n andersins appöllerende gedeelte in 'n oninteressante en eentonige inleiding van wat eintlik die finale aanslag van Deuterojesaja op sy gehoor moes wees. Dit is juis hier waar die volk sy besluit oor Kores as Jahwe se gesalfde en middelaar moet neem. Die afwisseling tussen die *bwuy* in v 9a en v 10a en die retoriiese vraag (*ha*) in v 9b kombineer Jahwe se dreigement (wee-roep) met 'n verantwoordelikheid aan die volk se kant dat hulle die regte antwoord op die vraag behoort te weet.
- 4 Reeds Torrey (1928:359; vgl McKenzie 1968:76-77; Melugin 1976:36) het ingesien dat v 9aß grammataal nie sin maak nie, en daarom voorgestel dat die partisipium *hōrēš* saam met '*dmh* as objek in die plek van *hr̄y* '*dmh* gelees word. Dit lei tot sy vertaling van v 9aß: "a pot with a craftsman of earth." Schoors (1973:261) reken weer die Massoretiese lesing maak sin net soos dit daar staan. Tog maak die inhoud van v 9aß volgens die Massoretiese teks nie sin saam met v 9aa nie. Nadat die maaksel met ('et) sy Maker getwis het (v 9ac), is dit tog sinneloos dat die maaksel met ('et) mede-maaksels sal twis (v 9aß), en dit in dieselfde kolon waar daar twee nominale sinne langs mekaar staan wat beide deur die partisipium *rb* regeer word.
'n Ander poging om die Massoretiese lesing te verander, maar wat nie so suksesvol is nie, is dié van Volz wat v 9aß herrangskik en wysig na 'et-harašō herēš" "damā met die vertaling: "mit seinem Meister der Ton von Erde" (1932:65-66). Torrey se vertaling pas egter beter in by die beeldspraak van v 9b. Soortgelyke beeldelike as dié van Torrey in v 9aß kom ook in Jes 29:16 en Jer 18:1-11 voor, waar die absolute soewereiniteit van God beklemtoon word (McKenzie 1968:77).

- Sê die klei aan hom wat dit vorm: "Wat maak jy?",
of jou werk: "Hy het geen hande nie"?
- 10 Wee hom wat aan 'n vader sê: "Hoekom verwek u 'n kind?",
of vir 'n vrou: "Waarom het u geboortepyne"!
- 11 So sê Jahwe,
die Heilige van Israel en sy Formeerder:
"Vra julle My uit⁵ oor my kinders,
of skryf julle My voor oor die werk van my hande?"
- 12 Ek het die aarde gemaak,
en die mens daarop geskape.
Ek, my hande, het die hemele oopgespan,
en al hulle leërskare beveel Ek.
- 13 Ek het hom tot oorwinning⁶ aangespoor,
en al sy paaie maak Ek gelyk.
Hy sal my stad bou,

5 'n Voorstel wat deur Ehrlich (1912:166) gemaak is, naamlik dat *ha'attem tiš'älānî* in plaas van *ba'otiyyôt š'älâni* gelees word, word redelik algemeen onder geleerdes aanvaar (vgl BHK; Köhler 1923:27; Torrey 1928:359-360; North 1950:114; Fohrer 1964:89; Westermann 1969:164; Melugin 1976:37). So word daar nie veel aan die konsonantetks verander nie en maak v 11b beter sin.

6 Schmid het ses areas geïdentifiseer waar die woordstam *s̄dq* gebruik word: (a) wysheid, (b) natuur en vrugbaarheid, (c)oorlog en oorwinning, (d) kultus en offerhande, (e) geregtigheid, en (f) koningskap (Schmid 1968:14-23). Daarom kan enige vertaling van hierdie woord nie sommer as vanselfsprekend geneem word nie. In Deuterojesaja is hierdie woordstam geneig om met oorwinning verband te hou. Vyf keer kom dit as parallel van die nominale vorm van die wortel *w̄s* voor, terwyl dit tien keer met die betekenis "vindikasie/oorwinning/sekuriteit/sterkte" voorkom (Wilson 1986:105). Blank (1958:152-156) is van mening dat Deuterojesaja se gebruik van *ȳs̄daq* oor die algemeen beteken om 'n regsaak te wen. Die gebruik van die woord word treffend soos volg opgesom: "In Deutero-Isaiah *s̄'daqâ* comes to mean the fulfillment of God's purpose in history, a meaning not restricted to triumph over a rival but including the establishment of Yahweh's sovereignty on earth and the universal enactment of Yahweh's law" (Wilson 1986:106). In aansluiting hierby merk Koch (1979:516) op dat, waar die substantief *s̄edeq*/*s̄'daqâ* andersins baie keer bloot op 'n verhouding ("ein sittliches Verhalten") betrekking het, dit beswaarlik die geval by die Psalms en die profete is, omdat dit daar eerder met "Heil" vertaal kan word. Veral in Deuterojesaja hou dit ook met Jahwe se teofanie verband, en dan wel as 'n oorwinning vir orde in die skepping, wat ook heil vir Israel impliseer (Koch 1979:527).

en my ballinge loslaat,
nie vir 'n koopprys of 'n geskenk nie,^{7a}
sê Jahwe *S̄ba ôt*.

3. DIE RETORIESE KONTEKS VAN JESAJA 45:9-13

3.1 Jesaja 44:24 - 45:13 as eenheid

Streng gesproke kan 45:9-13 nie los van die groter eenheid, 44:24 - 45:13, gelees word nie. Hoewel daar verskillende menings oor die vraag bestaan of 44:24 - 45:13 uit een of meer perikope bestaan, word die stemme ten gunste van die eenheid daarvan al hoe harder.

Tenoor geleerde soos Begrich (1969:51-52), Von Waldow (1953:36), Schoors (1973:267-273) en Elliger (1978:453-503) wat 44:24-28 en 45:1-7 as twee aparte perikope hanteer, is Westermann van mening dat 44:24-28 slegs 'n inleiding tot die Koresorakel in 45:1-7 is. Vers 24bⁱⁱ-28 is slegs 'n uitbreiding in apposisie tot JHWH in v 24bⁱ. Die uitbreidings geskied in die partisipiumvorm, met Jahwe as subjek daarvan. Die profetiese formule, "So sê Jahwe" (v 24aⁱ), wat gewoonlik deur 'n heilsaankondiging of oordeelswoord gevolg word, skep die verwagting dat daar meer as net die uitbreidings oor Jahwe in v 24-28 sal volg. Daarom beskou Westermann v 24-28 grammatikaal as onvolledig, tensy 45:1-7 as deel daarvan geneem word (Westermann 1969:154-155).⁸ Hoewel die profetiese formule in 45:1 van Kores praat, en nie van Israel soos in 44:24 nie, is 45:1 'n voortsetting van die eerste profetiese formule in 44:24, omdat dit van Kores in die derde persoon praat en daarom nog steeds vir Israel se ore bedoel is (Spykerboer 1976:133).

7 Reeds Duhm (1902:344-345) het v 13bⁱⁱ as 'n glos geskrap, en Elliger (1933:104) skryf dit aan Tritojesaja toe. Oënskynlik veroorsaak hierdie teks 'n spanning met 43:3b-4, waar daar wel 'n losprys vir Israel aangebied word. So 'n wysiging is egter onnodig, omdat die doel en funksie van hierdie beeldspraak in die twee gedeeltes van mekaar verskil. Die daaropvolgende 45:14 demonstreer ook dat Deuterojesaja hom die reg voorbehou om meer as een funksie aan dieselfde beeldmateriaal te koppel:

8 Vgl ook Stuhlmueller (1970:196-200), Spykerboer (1976:130-133), Whybray (1981:102-103) en Wilson (1986:195-210). Melugin (1976:38-39, 123-124), Beuken (1979:227-228) en Merendino (1981:403) reken dat, al vorm 44:24-28 en 45:1-7 elk 'n selfstandige eenheid, hulle redaksioneel nie geïsoleerd verstaan kan word nie.

Oor die plek en egtheid van v 8 bestaan daar ook verskillende mewnings. Westermann (1969:19, 163) beskou dit as 'n eskatologiese loflied wat as reaksie op die Koresorakel dien, terwyl Whybray dit beskryf as "a torso .. probably the work of a later disciple or editor" (1981:106-107; vgl Fohrer 1964:87). Melugin (1976:125) en Beuken (1979:233-240) inkorporeer v 8 egter as deel van v 1-7. As 'n mens in ag neem dat v 8 afsluit met die woorde: "Ek, Jahwe, het dit geskep", wat opvallend ooreenstem met 45:7 en 44:24, moet v 8 saam met die voorafgaande gelees word.

Vers 9-13 is tematies so vervleg met 44:24-45:8 dat hulle beswaarlik van mekaar geskei kan word.⁹ Veral die feit dat Kores nie by name genoem word nie, maar daar slegs deur die 3 manlike enkelvoud suffiks (v 13aa, v 13aß) en die persoonlike voornaamwoord hw) ("Hy", v 13ba) na hom verwys word, is 'n sterk aanduiding dat hierdie gedeelte van 45:1-7 afhanklik is.¹⁰ Onlangs het Gitay (1981:177-190) daarin geslaag om aan te toon dat 44:24 - 45:13 as retoriiese eenheid gelees moet word.¹¹ Die retoriek in hierdie deel is daarop gerig om die volk tot die besef te bring dat Kores se verskyning deel van Jahwe se heilshandelinge met hulle is. Op grond van die klassieke Griekse retoriek, wat 'n goeie toespraak in verskeie onderafdelings verdeel, hanteer Gitay 44:24-28 as inleiding, 45:1-7 as stelling ("thesis"), 45:8 as bekragtiging van die stelling ("confirmation") en 45:9-13 as epiloog van die perikoop (Gitay 1981:177-179).¹²

Ofskoon 'n mens die Griekse retoriek as uitgangspunt vir die ordening van die onderafdelings kan gebruik, speel die "Gattungen", wat so eie aan

- 9 Vgl ysr in 44:24, 45:7, 9, 11; br' in 45:7, 8, 12; 'sh in 44:24, 45:7, 12; en Kores se taak in 44:28, 45:1 ev en v 13.
- 10 Vir Melugin (1976:125) is dit die bewys dat 45:9-13 spesiaal geskryf is om by 44:24 - 45:8 gevoeg te word.
- 11 Na Gitay is daar ook Wilson (1986:195-217) wat 44:24 - 45:13 as een perikoop hanteer. Volgens hom is hierdie perikoop 'n triptiek met drie groot seksies, 44:24-28, 45:1-8 en v 9-13, waarvan die middelste gedeelte in 'n chiastiese relasie tot die buitenste twee dele staan.
- 12 Gitay verwys eers na Aristoteles wat 'n toespraak in twee dele verdeel, naamlik die stelling waarmee jy jou saak stel, wat dan opgevolg word deur die bewyse vir jou saak (1981:38-39). Op grond van die Latynse retoriek voeg hy egter nog dele by, sodat 'n volledige toespraak soos volg lyk: "(a) Introduction (exordium), (b) Statement of facts (narratio), (c) Division (divisio), (d) Proof (confirmatio), (e) Refutation (confutatio), (f) Conclusion (conclusio, peroratio)" (Gitay 1981:39).

Deuterojesaja en die Ou Testamentiese profesieë is, ook 'n bepalende rol by elke onderdeel se retoriiese funksie binne die groter geheel.

3.2 Die retoriiese verloop van Jesaja 44:24 - 45:13

3.2.1 Jesaja 44:24-28, 45:1-7, 8

Westermann (1969:154-155) praat van v 24-28 as 'n inleiding in die styl van die "Selbstprädikation", wat deel van die Koresorakel uitmaak. Hy maak 'n duidelike onderskeid tussen die "Selbstvorstellung", wat algemeen in die Ou Testament voorkom, en die "Selbstprädikation" (selflof), wat sy herkoms aan die Babiloniese milieу te danke sou hê. Laasgenoemde het 'n meer polemiese karakter, met die bedoeling om enige ander gode se aanspraak as God tot nietigheid te verklaar.¹³

Verder bestaan hierdie gedeelte uit 'n tweedeling wat met die struktuur van die disputasierede ooreenstem. Die tipiese struktuur van die disputasierede, soos deur Von Waldow (1953:28-32) gedefinieer, kan daarin gevolg word. Vers 24-26a sou as die "Disputationsbasis"¹⁴ kon dien, terwyl v 26b-28 die "Schlußfolgerung"¹⁵ uitmaak waardeur die volk se insig so vernuwe word dat hulle ontvanklik is vir die inhoud van 45:1-7.

Jesaja 45:1-7 word allerweé as 'n Koresorakel getypeer. Volz (1932:59-60) het reeds ingesien dat die vasgryp van die regterhand, die oorhandiging van heerskappy en die versekerings van oorwinning oor die vyand ook in die Koressilinder voorkom. Hierdie ooreenkomste kan egter net so goed in Psalm 2 en 110 opgemerk word. Ander belangrike ooreenkomste is dat Kores daar, net soos in Jesaja 45:1 ev, deur 'n nie-Persiese god uitgekies en as koning bevestig word. In sowel die Koressilinder as Jesaja 45:1 ev word hierdie "vreemde" god/God voorgestel as 'n wêreldgodheid wat alles onder sy heerskappy wil plaas. In albei gevalle word die taak aan Kores opgelê om beheer oor Babel te neem. In albei gevalle word daar melding gemaak van die herstel van die kultiese werkzaamhede van die volkere wat in ballingskap gehou is (Westermann 1981:65-66; vgl ook Lichtenstein 1988:164-165).

13 Vgl die voorbeeld in Westermann 1981:63 en Falkenstein - Von Soden 1953:67.

14 Die gemeenskaplike basis waaroor die twee partye nie van mekaar verskil nie.

15 Dit is die eintlike dispuut waar die een party die ander party tot nuwe insigte probeer bring.

Bogenoemde ooreenkoms getuig van 'n algemene verwagting in die Ou Nabye Ooste dat Kores die heerskappy in Babel sou oorneem. Die profeet pas hierdie verwagting op Jahwe se heilsgeschiedenis toe om sy gewraakte stelling te maak (Gitay: "statement of facts") wat hom later sy lewe sou kos (vgl bespreking by 4.1 en 4.2 hieronder).

Vers 8 kan beskryf word as die interludium as bekragtiging van die stelling in 45:1-7. Knight skryf die volgende oor v 8: "The genius of DI is like that of Shakespeare, who knew how to relieve the tension in a drama by the unexpected insertion of light" (1965:136). Gitay is egter van mening dat die retoriiese funksie van 45:8 meer as dit inhoud:

"The confirmation celebrates the salvation by involving the whole universe, and stresses God's creation of Cyrus ... Its call to heavens and earth functions here as an announcement that nature confirms God's salvation" (1981:178, 183).

3.2.2 Jesaja 45:9-13 as disputasie en epiloog

Soos reeds genoem, vorm hierdie paar verse die epiloog van 44:24 - 45:13. Von Waldow, wat veral ten opsigte van die struktuur van die disputasie baanbrekerswerk gedoen het, weet nie raad met v 9-10 nie, maar sien wel die disputasie in v 11-13 raak (1953:29-30, 36). Daarvolgens is v 11-12 die disputasiebasis en v 13 die gevolgtrekking. Die rede waarom Von Waldow nie v 9-10 as deel van die skema kon sien nie, is dat dit dan nie by sy tweeledige struktuur sou inpas nie.¹⁶ Naidoff los egter die probleem op deur daarop te wys dat v 9-13 uit twee disputasies bestaan met v 11 as die spil waarom dit draai. Die eerste disputasie begin met v 9-10 as disputasiebasis en eindig in v 11 met retoriiese vrae as die gevolgtrekking. Hier is dit nie Jahwe wat die gevolgtrekking maak nie, maar die gehoor wat dit

16 Melugin (1976:30-31) beskou die disputasiebasis-gevolgtrekking struktuur van Von Waldow vir die disputasierede as 'n oorverenvoudigde skema wat nie altyd pas nie, en gebruik huis 45:9-13 as voorbeeld om sy stelling te staaf.

Naidoff is egter van mening dat 'n mens nie so maklik die disputasiebasis-gevolgtrekking skema in Deuterojesaja kan ignoreer nie: "for as we have also seen, the basis-conclusion sequence has been useful in elucidating the underlying logical structure of Deutero-Isaiah's thought" (Naidoff 1980:125). Naidoff voeg nog 'n derde motief by hierdie klassieke struktuur, naamlik die aankondiging van die dispuut, en het verder aangetoon dat hierdie struktuur op 'n besondere manier in v 9-13 teenwoordig is (Naidoff 1980:120-121).

self van die retoriiese vrae moet aflei. Vers 11 is egter meer as net retoriiese vrae; dit is ook die begin van die nuwe disputasie.

Von Waldow het reeds, sonder dat hy dit as deel van sy paradigma vir die disputasie aanvaar het, opgemerk dat die profeet soms aan die begin van 'n' disputasie "die zu widerlegende Meinung der Partner zitiert." Daarvoor verwys hy na 45:11b as voorbeeld (Von Waldow 1953:29). In aansluiting by Von Waldow se opmerking oor v 11, verdeel Naidoff die tweede disputasie soos volg: Vers 11 is die aankondiging van die dispuut ("statement of the issue"), v 12(-13a) die disputasiebasis, en v 13(a)-b die gevolgtrekking (Naidoff 1980:125).

Vir die retoriiese funksie van v 9-13 in die konteks van die hele gedig (44:24 - 45:13) is dit sinvol om Gitay se uitleg op te som: Een van die belangrikste funksies van die epiloog is om by die gehoor in te skerp wat hulle pas gehoor het, iets waarvoor veral die retoriiese vrae uiters geskik is. Verder gee v 11-13 opsommenderwys 'n hersiening van die bewyse dat Kores deur Jahwe aangespoor word. Laastens maak v 13 se verwysing na die stad en die ballinge in die besitlike vorm as "my stad" en "my ballinge", 'n emosionele appèl op Israel as gehoor (Gitay 1981:183).¹⁷

4. JAHWE SE ARGUMENT MET SY VOLK

Alvorens 'n mens die spanning in die argument van Jesaja 45:9-13 kan verstaan, is dit noodsaklik om eers Kores se besonderse en unieke verhouding met Jahwe in die voorafgaande gedeeltes van naderby te bekijk (4.1 hieronder). Die inhoud van die gesprek in 45:9-13 is 'n logiese gevolg daarvan (4.2 hieronder).

4.1 Kores is Jahwe se "herder/vriend" en "gesalfde" (44:28a; 45:1)
 In Jesaja 44:28a en 45:1a word twee uitsonderlike titels, "my herder" (*r'*) en "gesalfde" (*mšyh*), aan die Persiese koning Kores gegee.

17 Volgens Aristoteles bestaan die epiloog uit vier elemente: (1) Jy moet jou gehoor aan jou kant kry en teen jou opponent laat draai, (2) jy moet alles wat in jou guns tel vergroot en alles wat in jou opponent se guns tel verklein, (3) jy moet 'n emosionele appèl op jou gehoor maak, en (4) jy moet hulle geheue vir oulaas verfris (Gitay 1981:105).

4.1.1 “Herder” of “vriend”

Die gebruik om die koning ‘n “herder” te noem, kom algemeen in die Ou Nabye Ooste voor (vgl Schoors 1973:269). Gewoonlik word die koning die herder van sy mense genoem, maar daar is gevalle waar hy ook die herder van sy god genoem word. Voorbeeld daarvan is Nebukadnesar se wens om *re-e-u-ka ki-i-num* (“your (= Marduk) faithful shepherd”) te wees, en Attapakshu van Susa wat *re'u Šušinak* (“shepherd of Shushinak”) genoem word (Seux, soos aangehaal deur Schoors 1973:269).

Die vraag ontstaan nou waarom Jahwe van *r'y* (“my herder”) as titel vir Kores gebruik maak. Elliger kom met ‘n goeie voorstel, naamlik dat die suffiks nie as ‘n genitiewe objek nie, maar as ‘n genitiewe subjek (“durch den Gott berufen”) verstaan moet word (1978:475-476). Hy verwys onder ander na Gudea van Lagis wat nie net “Hirte seines Landes” genoem is nie, maar ook “rechter Hirte nach dem unwiderstuhlichen Wort Ningirsus”, en na Hammurapi wat in die inleiding van sy wettekodeks (I 51-53) na homself verwys as “Der Hirte, der von Enlil berufene, bin ich” (Elliger 1978:475-476). Met ander woorde, dit gaan in die suffiks nie oor wie deur Kores as herder gelei word nie, maar oor wie hom in daardie hoedanigheid aangestel het, naamlik Jahwe. Elliger versterk sy argument verder deur v 28aa saam met v 28aß, “der zweite Halbstichus”, as sinonieme parallel te lees, met die *waw* waarmee v 28aß begin as die “Waw explicativum” (Kautzsch 1985:par 154, nr 1b) wat dit as ‘n verduideliking van v 28aa beklemtoon (Elliger 1978:477). Vers 28aß maak die titel in v 28aa dus duideliker deur dit te omskryf: “alles wat My behaag, bring hy tot vervulling”. Aangesien Jahwe Homself as die Herder by uitnemendheid beskou (vgl 40:11; 49:9-10; 55:12), tree Kores net as agent op om die herderstaak namens Jahwe uit te voer.

Die benaming “herder” word in die res van die Ou Testament egter slegs op Israelitiese konings¹⁸ en volksleiers¹⁹ toegepas (Soggin 1976:793-794). Dit is daarom vreemd dat Jahwe vir Kores “my herder” (*r'y*) noem. ‘n Mens het hier dus met ‘n uiters waaghalsige titel te doen wat die volk baie maklik teen die profeet in opstand sou laat kom. Vir ‘n volk wat

18 Vgl 2 Sam 5:2; 7:7; 1 Kron 11:2; 2 Kron 17:6; Ps 78:71 ev; Jer 23:4; Eseg 34:23 ev; 37:24; Miga 5:3 ev.

19 Vgl Jer 2:8; 3:15; 10:21; 22:22; 23:1 ev; 25:34-36; Eseg 34:2 ev; Sag 10:3; 11:4 ev; 13:7.

streef daarna om geestelik te oorleef in ballingskap is dit radikaal om met so 'n eretitel van die onheilige en heidense koning Kores te hoor.

Die Qa lesing, en daarvlieg ook die vertalings, interpreteer *r'y* egter nie as "herder" nie, maar as Jahwe se "vriend".²⁰ Die alternatiewe lesing moet daarom ook as 'n moontlikheid in gedagte gehou word (Schoors 1973:269-270). Voorbeeld hiervan in die Ou Testament is skaars. Ofskoon Job pleit dat Jahwe die saak met hom moet uitklaar soos tussen 'n man en sy vriend (*re'a'*, 16:21), is dit slegs in sy verhouding met Moses dat Jahwe werklik 'n vriend (*re'a'*, Num 12:608; Deut 34:10) genoem word (Kühlein 1976:789-790). Daarom is dit verstormend dat 'n heidense koning soos Kores in hierdie besondere verhouding met Jahwe voorgestel word.²¹ Wanneer Kores sy eie aanstelling as koning van Babel op die Koressilinder beskryf, lees 'n mens die volgende in verband met sy verhouding tot Marduk:

"he scoured all the lands for a friend, seeking for the upright prince whom it would have to take his hand ... He made him take the road to Babylon and he went at his side like a friend and comrade"
(vertaling deur T Fish, in Thomas 1958:92).

Hieruit blyk dat Kores se titel 'n ampstiel is, omdat enige koning sy legitimiteit in sy verhouding tot sy god moet vind. Waar Marduk in die hoedanigheid as skeppergod in die Babiloniese kultus voorgestel word, is dit Jahwe wat dieselfde status in die profesieë van Deuterojesaja beklee.

4.1.2 "Gesalfde"

Die titel "gesalfde" (*mšyḥ*, 45:1a) kom in Deuterojesaja net hier voor. In die res van die Ou Testament word dit gewoonlik aangedui met Jahwe as genitief, of met 'n suffiks (1e of 3e persoon) wat op Jahwe betrekking het.

- 20 Qa het dieselfde konsonante as die Massoretiese teks, naamlik *r'y*. Waar dieselfde woord in die Massoretiese teks "my herder" (*rō'i*) beteken, het Qa heelwaarskynlik "my vriend" (*re'i*) in gedagte gehad. As Qa dieselfde woord as die Massoretiese teks in gedagte gehad het, sou daar 'n *mater lectiones* gewees het om die *chōlem* mee aan te dui. Die vertalings, soos die LXX, Targum en ander, ondersteun die Qa lesing. Dit is egter moeilik om tussen die twee lesings 'n keuse te maak, omdat albei titels in die Ou Nabye Ooste vir konings gebruik word.
- 21 Schoors (1973:270) verwys na Jesaja 48:14 waar Kores ook as Jahwe se vriend voorgestel word, maar dan aangelei van *'bb* ("liefshē"). Dit het egter nie dieselfde konnotasie as *re'a'* nie.

Verder is dit meestal op 'n Israelitiese koning in sy amp,²² en later op die hoëpriester van toepassing,²³ en een keer ook op die aartsvaders²⁴ (Elliger 1978:491). Ook hier moes dit vir Deuterojesaja se gehoor 'n skok gewees het om van Kores met so 'n titel te verneem. Deuterojesaja is hier darem nie so radikaal soos in 44:28a nie, omdat daar ook ander voorbeelde in die Ou Testament is waar 'n nie-Israeliet namens Jahwe gesalf word, byvoorbeeld die Aramese koning Gasaal (1 Kon 19:15).

So 'n salwing gaan telkens gepaard met 'n taak wat Jahwe op die persoon se skouers lê. In hierdie hoedanigheid is Kores niks anders as "Jahwes Beaufragter, Bevollmächtiger und dazu mit den nötigen Fähigkeiten" (Elliger 1978:492).

4.2 Kores se ampstatus word deur die volk bevraagteken

Tradisioneel word Jesaja 45:9-13 geïnterpreteer as 'n dispuum teen die profeet se mede-ballinge omdat hulle nie kan aanvaar dat 'n heidense koning deur Jahwe as herder vir sy volk gesalf is nie (vgl onder andere Volz 1932:66; Muilenburg 1956:526; Fohrer 1964:89-90; McKenzie 1968:78-79; Schoors 1973:266; Melugin 1976:124; Wilson 1986:212). Dit is egter nie 'n uitgemaakte saak dat die gedeelte teen Israel gemik is nie. Westermann (1969:164-165) het al die moontlikheid geopper dat 45:9-13 teen die nasies gerig sou kon wees. Dit is egter Leene wat 45:9-13 wel as 'n dispuum teen die nasies interpreer, omdat hulle oor Israel se uitverkiezing sou mor. Daarmee open hy die universalisme/nasionalisme debat oor hierdie gedeelte in sy artikel met die titel: "Universalism or Nationalism? Isaiah XLV 9-13 and Its Context" (1974:309-334). Beuker stem saam dat God Hom hier tot die hele mensdom rig (1979:241), en kom tot die slotsom:

"Wie deze twistrede isoleert van de grotere compositie waartoe zij behoort, kan er een document van Israëls nationalisme in zien, een voorbeeld dat geloof in eigen uitverkiezing tot een geheel verdraaide visie op de werkelijke politieke verhoudingen leidt. Een droogbeeld van een god, die geen andere bekommernis heeft dan

²² Vgl Ps 18:51.

²³ Vgl Lev 4:3.

²⁴ Vgl Ps 105:15.

het handjevol van zijn aanbidders, verloren in een uithoek van het babylonische wereldrijk" (Beuken 1979:245).

Daar is egter verskeie besware wat teen Leene en Beuken se interpretasie van 45:9-13 ingebring kan word. Die feit dat hulle meen dat dit die nasies is wat al hierdie vrae aan Jahwe stel, is direk daaraan toe te skryf dat hulle v 9-13 geïsoleerd lees, en nie as deel van die groter retoriese eenheid, 44:24 - 45:13, wat aan Israel gerig is nie. Selfs al lees 'n mens 45:9-13 so, is dit nog moeilik om Leene se standpunt te handhaaf, omdat v 11-13 nie van v 9-10 losgemaak kan word nie. Dit is ook die rede waarom Westermann besef het dat hierdie gedeelte aan Israel gerig moes wees:

"On the other hand, if we read vv. 11ff in the light of v. 9f, something quite different is suggested. Here it is Yahweh's creature that revolts against the creator (9a and b), the child against the father. And when we thus connect v. 11 with v. 9f, we feel instinctively that it, too, is addressed to Israel who (in doubt) questions Yahweh about his actions towards his sons" (Westermann 1969:165).

Leene se standpunt sentreer veral om die betekenis van *bny* ("my seuns/kinders") in v 11b. Hy ontken dat hierdie woord op Kores of nie-Israeliete in die algemeen van toepassing kan wees (contra Muilenburg 1956:527; North 1964:154; Fohrer 1964:89), omdat nie-Israeliete nêrens anders in die Ou Testament as God se kinders voorgestel word nie. Verder verwys hy na Jesaja 43:6, - die enigste ander plek waar van Jahwe se kinders sprake is, - waar dit Israel is wat hierdie status beklee (Leene 1974:316; vgl ook Beuken 1979:243-244). Hoewel Westermann nie 'n nasionalistiese siening aan hierdie gedeelte koppel nie, is hy ook van mening dat *bny* op Israel van toepassing is, terwyl Jahwe se vrae aan Israel hier op 'n hofsaak tussen Hom en die gode sou sinspeel. Daarom stel hy die volgende parafrase vir v 11b voor:

"Do you (the gods of the nations) mean to say in reply to me that I destroyed my chosen people, that I brought about the fall of Jerusalem and drove them into exile?" (Westermann 1969:167).

As 'n mens die beeldspraak in die voorafgaande v 10 egter in ag neem, lyk dit tog of *bny* meer as net Israel moet beteken. In v 10 is die

veronderstelling dat die Israeliete (aan wie die disputasie gerig is) Jahwe bevraagteken oor iemand wat Hy "verwek" het. Hierdie beeld kan nie op Israel self van toepassing wees nie, omdat dit huis hulle is wat die vraag stel, en hulle nie hulle eie bestaan as God se kinders sou wou negeer nie. Die dispuut in v 9-13 gaan huis oor Kores se legitimiteit as Jahwe se agent vir Israel (v 13a), en daarom is dit logies dat v 10 op hom van toepassing sou wees. Dit sou ook logies wees as die beeldspraak in v 11 in dieselfde verband op v 10 voortbou, en Kores dan Jahwe se seun genoem word. Daar is dus 'n ontwikkeling in die beeldspraak vanaf v 9 tot v 11: Eers word Israel as die geskapene verwyt (v 9); dan verwyt Israel Jahwe oor iemand anders wat hy geskep het (v 10); en in v 11 word die beeld nog waaghalsiger as die persoon oor wie Israel vir Jahwe verwyt, nog sy seun genoem word ook. Die beswaar dat 'n nie-Israeliet nêrens anders in die Ou Testament 'n seun van God genoem word nie (Leene en Beuken), dra net so min gewig as om te sê dat Kores nie Jahwe se "herder" mag wees nie (vgl 44:28a), of dat hy nie as Jahwe se "gesalfde" voorgestel mag word nie (vgl 45:1a). Laasgenoemde twee titels is net so vreemd aan 'n nie-Israeliet as om 'n seun van God genoem te wees.

Vers 11 is egter nie net die gevolgtrekking van die dispuut in v 9 nie, maar ook die aankondiging van die dispuut wat in v 12-13 volg. Daarom kan 'n mens veronderstel dat die beeldspraak in v 11 'n tweërlei funksie sal hê. In v 12 word *bny* verder as *'dm* ("mensdom") omskryf. Dit is dus nie vreemd dat die meervoudsvorm *bānay* gebruik word nie, omdat Jahwe nie net Kores nie, maar die hele mensdom verwek het. Wilson, hoewel hy nie die verband met v 10 raaksien nie, interpreer *bny* se funksie in v 11-13 ook op tweërlei wyse. Hy plaas hierdie term nog steeds binne die konteks van 'n dispuut wat sou handel oor die vraag hoe dit moontlik is dat Jahwe 'n buitenlandse heerser vir Israel se redding kan gebruik:

"The prophet here implies that everyone, Israelite and gentile alike, is created by Yahweh, and hence Yahweh can as easily perform his purposes with a gentile ruler as with an Israelite" (Wilson 1986:215).

Die motivering vir hierdie sterk beeldspraak oor Kores as Jahwe se seun kan gevind word in die Judeërs se hewige reaksie teen Kores se betiteling as "herder" (44:28a) en "gesalfde" (45:1a). Hierdie beeldspraak gee 'n belangrike funksie van die epiloog weer, naamlik om die gehoor

finaal te oortuig van Kores se geroepenheid deur Jahwe, en om enige gedagte dat hy onafhanklik van God te werk gaan, uit die weg te ruim. Dat hierdie appèl op die hoorders ook redelik emosioneel moes wees, is duidelik, omdat Jahwe eintlik daardeur vir die Jode gesê het: "Los vir Kores uit, hy is my seun!" Dit is dalk juis oor hierdie kontroversiële saak dat Deuterojesaja later sy dood, waarskynlik as verraaier, tegemoet sou gaan.²⁵

25 Smith sien Jes 52:13 - 53:12 as 'n klaaglied oor die profeet se dood, en dig sy dood toe aan hierdie aankondigings insake Kores: "The consequence ... of this proclamation of Cyrus must have been that the prophet would seem to some of his own people a traitor, worthy of death" (1944:74). Vgl ook Gitay (1981:188, voetnoot 10).

Bibliografie

- ANDERSON G W, DE BOER, P A H, CASTELLINO G R, e.a. (Eds)
 1967. *Studies on the Second Part of the Book of Isaiah*. SVT 14. Leiden: E J Brill.
- BEGRICH J
 1969. *Studien zu Deuterojesaja*. Zweite Auflage. München: Chr Kaiser Verlag.
- BEUKEN W A M
 1979. *Jesaja, II^A*. De Prediking van het Oude Testament. Nijkerk: Callenbach.
- BLANK S
 1958. *Prophetic Faith in Isaiah*. New York: Harper & Brothers.
- DAVIDSON R
 1963. Universalism in Second Isaiah, *SJT* 16:166-185.
- DION P E
 1970. L'universalisme religieux dans les différentes couches rédactionnelles d'Isaïe 40-55, *Bib* 51:161-182.
- DRIVER G R
 1935. Linguistic and Textual Problems: Isaiah xl-lxvi, *JTS* 36:396-406.
- DUHM D B
 1902. *Das Buch Jesaja: übersetzt und erklärt*. Handkommentar zum Alten Testament. Tweede uitgawe. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- EHRLICH A B
 1912. *Randglossen zur hebräischen Bibel*, IV. Leipzig.
- ELLIGER K
 1933. *Deuterojesaja in seinem Verhältnis zu Tritojesaja*. Beiträge zur Wissenschaft vom Alten und Neuen Testament IV/11. Stuttgart: W Kohlhammer Verlag.
 1978. *Deuterojesaja 40,1-45,7*. Biblischer Kommentar XI/1. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag.
- FALKENSTEIN A & VON SODEN W
 1953. *Sumerische und akkadische Hymnen und Gebete*. Zürich: Artemis-Verlag.

FOHRER G

1964. *Das Buch Jesaja III. Zürcher Bibelkommentare*. Zürich, Stuttgart: Zwingli Verlag.

GELSTON A

1965. The Missionary Message of Second Isaiah, *SJT* 18:308-318.

GITAY Y

1981. *Prophecy and Persuasion. A Study of Isaiah 40-48*. Forum Theologiae Linguisticae 14. Bonn: Linguistica Biblica Bonn.

HAMLIN E J

1961. *The Nations in Second Isaiah*. Th D dissertation. New York: Union Theological Seminary.

HOLLENBERG D E

1969. Nationalism and "the Nations" in Isaiah XL-LV, *VT* 19:23-36.

JENNI E & WESTERMANN C (REDS)

1979. *Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. Band II*. München: Chr Kaiser Verlag. Zürich: Theologischer Verlag.

KAUTZSCH E (RED)

1985. *Gesenius' Hebrew Grammar*. Second English edition, eighteenth impression. Oxford: University Press.

KNIGHT G A F

1965. *Deutero-Isaiah: A Theological Commentary on Isaiah 40-55*. New York, Nashville: Abingdon.

KOCH K

1979. *sdq gemeinschaftstreu/heilvoll sein*, *THAT* II:507-530.

KÖHLER L

1923. *Deuterojesaja, stilkritisch untersucht*. BZAW 37. Giessen: Alfred Töppelmann.

KÜHLEWEIN J

1976. *re^{ac}* (Nächster, *THAT* II:786-791).

LEENE H

1974. Universalism or Nationalism? Isaiah XLV 9-13 and its Context, *Bijdragen* 35:309-334.

LICHTENSTEIN A

1988. The Cyrus Cylinder and Isaiah 40-55, *Dor-le-Dor* 16:164-169.

MCKENZIE J L

1968. *Second Isaiah*. Anchor Bible Vol 20. Garden City, New York: Doubleday & Company, Inc.

MELUGIN R F

1976. *The Formation of Isaiah 40-55*. BZAW 141. Berlin, New York: Walter de Gruyter.

MERENDINO R P

1981. *Der Erste und der Letzte. Eine Untersuchung von Jes 40-48*. SVT 31. Leiden: E J Brill.

MOYE J E L

1972. *Israel and the Nations in Isaiah 40-66*. Th D dissertation. Southern Baptist Theological Seminary.

MUILENBURG J

1956. *The book of Isaiah, Chapters 40-66*. The Interpreter's Bible 5. Nashville: Abingdon.

NAIDOFF B D

1980. *Israel and the Nations in Deutero-Isaiah: The Political Terminology in Form-Critical Perspective*. Ph D dissertation. Nashville, Tennessee: Vanderbilt University.

NORTH C R

1950. The "Former Things" and the "New Things" in Deutero-Isaiah, in Rowley 1950:111-126.

1964. *The Second Isaiah*. Oxford: Clarendon Press.

ORLINSKY H M

1967. The so-called "Servant of the Lord" and "Suffering Servant" in Second Isaiah, in Anderson, De Boer, Castellino, Cazelles, Hammershaimb, May & Zimmerli 1967:1-133.

ROWLEY H H (Red)

1950. *Studies in Old Testament Prophecy, presented to T H Robinson*. Edinburgh: T & T Clark.

SCMID H H

1968. *Gerechtigkeit als Weltordnung: Hintergrund und Geschichte des alttestamentlichen Gerechtigkeitsbegriffes*. Beiträge zur historischen Theologie 40. Tübingen: J C B Mohr (Paul Siebeck).

SCHOORS A

1973. I Am God Your Saviour. A Form-Critical Study of the Main Genres in *Is XL-LV. SVT* 24. Leiden: E J Brill.

SMITH S

1944. *Isaiah Chapters XL-LV. Literary Criticism and History*. The Schweich Lectures of the British Academy, 1940. London: Oxford University Press.

SNAITH N H

1967. Isaiah 40-66: A Study of the Teaching of the Second Isaiah and Its Consequences, in Anderson, De Boer, Castellino, Cazelles, Hammershaimb, May & Zimmerli 1967:135-264.

SOGINN J A

1976. *r'b weiden*, *THAT* II:791-794.

SPYKERBOER H C

1976. *The Structure and Composition of Deutero-Isaiah, with special reference to the polemics against idolatry*. Th D dissertation. Groningen: Rijksuniversiteit.

STASSEN S L

1992. *Die rol van die nasies in Jesaja 40-48: 'n vormkritiese en semantiese studie*. D Litt proefschrift. Stellenbosch.

STUHLMUELLER C

1970. *Creative Redemption in Deutero-Isaiah*. Analecta Biblica 43. Rome: Biblical Institute Press.

THOMAS D W (RED)

1958. *Documents from Old Testament Times*. London, New York: T Nelson.

TORREY C C

1928. *The Second Isaiah: A New Interpretation*. Edinburgh: T & T Clark.

VAN WINKLE D W

1985. The Relationship of the Nations to Yahweh and to Israel in Isaiah XL-LV, *VT* 35:446-458.

VOLZ P

1932. *Jesaja II*. Hildesheim, New York: Georg Olms.

VON WALDOW H E

1953. *Anlaß und Hintergrund der Verkündigung des Deuterojesaja*. Th D Dissertation. Bonn.

WESTERMANN C

1969. *Isaiah 40-66*. Vertaal deur D M G Stalker uit *Das Buch Jesaja* (Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht) 1966. The Old Testament Library. London: S C M Press Ltd.

1981. *Sprache und Struktur der Prophetie Deuterojesajas*. Tweede uitgawe (eerste uitgawe 1964). Stuttgart: Calwer Verlag.

WHITLEY C F

1961. Textual Notes on Deutero-Isaiah, *VT* 11:457-461.

WHYBRAY R N

1981. *Isaiah 40-66*. NCeB. Tweede uitgawe (eerste uitgawe 1975). Grand Rapids: Eerdmans. London: Marshall, Morgan & Scott.

WILSON A

1986. *The Nations in Deutero-Isaiah. A Study on Composition and Structure*. Ancient Near Eastern Texts and Studies, Vol 1. Lewiston, Queenstown: The Edwin Mellen Press.